BEDIENING VAN DIE GEMEENTE

WERKBOEK

VIR GEBRUIK AS VOLGSTUK

SAAM MET DIE VIDEO VAN PROF. GERT BREED

WAT OPGENEEM IS DEUR BRAHAM ROBINSON BY DIE GEREFORMEERDE KERK RUSTENBURG.JANUARIE 2013

YOUTUBE SKAKEL: HTTP://YOUTU.BE/L3W08JPZSOU

OORSIG

Kyk na die video van 1uur en 20min. en voltooi en bespreek die materiaal hieronder.

- *Wat is "diakonia"?*

1. WIE MOET BEDIEN WORD?

Die volgende tekste word verduidelik.

Jes 61:1 – 2

Die Gees van die Here my God het oor my gekom;

die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood,
Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur,

om vir die gevangenes vrylating aan te kondig,
vryheid vir dié wat opgesluit is,

om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon

1ste Beginsel: Dis eintlik Gód se bediening deur jou / lidmate.

Mt 18:10 – 14

"Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is. (Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is.)

"Hoe dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie?

En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie. **So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie**."

Hd 6:1 – 3

In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreeussprekendes klagtes gekom van die Griekssprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word.

Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle:

"Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie. Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.

2de Beginsel: Elkeen moet bedien word.

2. WAT IS DIE DOEL VAN DIE BEDIENING?

Ef 4

Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. *(Ef 4:7)*

genadegawes

En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. *(Ef 4:11)*

leiers

Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. *(Ef 4:12)*

toerusting

Samevatting van Ef 4

Die volgende is 'n skematiese uiteensetting van Ef 4:11 – 13 *(Geneem by Dr Francois Kruger)*:



3de Beginsel: Toerusting .

1 Pt 4:10

As goeie bedienaars (bestuurders)
van die veelvoudige genade van God
moet elkeen,
namate hy 'n genadegawe ontvang het,
die ander dien (diakoneo) .

- *Wat is die doel van die bediening?*

Besondere plek van 1 Pt 4:10 in Petrus:

Op grond van die lyding van Christus, moet ons ons wapen met die wete dat wie lyding verduur ter wille van Christus, met die sonde afgereken het en dood is vir die sonde (1Pt 4:1 – 6)

Ons moet mekaar bedien met ons genadegawes sodat die veelvoudige genade van God aan ander gegee kan word (1 Pt 4:7 – 10)

Wees nie verbaas oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie asof dit iets vreemds is wat met julle gebeur nie (1Pet 4:12 – 19)



1 Kor 12:4 – 6

Daar is 'n verskeidenheid van ***genadegawes***, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; (v4)

charismata

daar is 'n verskeidenheid van ***bedieninge***, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; (v5)

diakonia

daar is 'n verskeidenheid van ***kragtige werkinge***, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring (v6)

energemata

- *Wat is dus die doel van die bediening?*

3. WIE MOET DIE BEDIENING DOEN?

Mk 10:42 – 45

Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar (***diakonos***) wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien (***diakoneo***) te word nie, maar om te dien (***diakoneo***) en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

- *Wat is die uiteindelike motief van die bediening?*

Jh 12:26

As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

- *Elke volgeling van Jesus moet 'n dienaar wees!*

Voorbeelde in die NT:

- Ef 6:21
- 1 Tess 3:2
- Kol 1:7
- Rm 16:1 – 2
- Lk 8:1 – 3

4. HOE MAAK ONS SEKER DAT ONS DIE DOEL BEREIK?

Ons kyk weer Na Hd 6

(v1) In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het,	*Oorsaak*
het daar klagtes gekom	*Gevolg*
teen die Hebreeussprekendes van die Griekssprekendes,	*Wie?*
dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word.	*Rede?*
(v2) Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: "Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie.	*Assesering: Wie moet wat doen?*
(v3) Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.	*Voorgestelde oplossing*
(v4) Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.	*Gevisualiseerde uitkoms – oplossing van die probleem.*

Dus:

Diakonia van die Woord

En

Diakonia van die tafels



Afleidings uit Hd 6

- Bediening (diakonia) van lidmate is 'n baie hoë prioriteit
- Doeltreffende aandag aan lidmate se probleme (versorging na binne) voorkom dat effektiewe uitreik na buite stol.

- Die dienswerk van leiers in die gemeente kan verdeel word wanneer dit te veel raak.
- Spesialisasie van dienswerk is nodig by die verdeling daarvan.
- Leiers behoort 'n fokusgebied in hul dienswerk te hê en mag nie die primêre roeping agterweë laat nie.
- Gemeente is betrokke by die kies van leiers vir 'n besondere taak.
- 'n Konkrete situasie lei daartoe dat leiers gekies word om daardie probleem te takel.
- Roeping en verkiesing van leiers is deel van 'n aktuele en dinamiese groeiproses in die gemeente.

Beginsels oor dienswerk (diakonia) wat uit die Skrif afgelei kan word:

- Nêrens word die inhoud van die diakonia duidelik uitgestippel nie.
- Diakonia beskryf álle dienswerk in die gemeente
- Daar bestaan 'n groot verskeidenheid van diakonia in die gemeente.
- Leiers moet fokus op hul terrein van roeping en toerusting.
- Wanneer die diakonia te veel raak moet leiers gekies word om deel van die diakonia oor te neem.
- Soms moet leiers vir 'n tydelike taak gekies word.
- Die gemeente moet toegerus word vir hulle diakonia.

5. PRAKTYK

Gewoonlik lyk die bediening in die gemeente só:



En dit werk gewoonlik só:



En eintlik moet dit só werk:



Die groot vraag is:

Hoe gaan óns dit doen?

2017.

A.

Oorhoofs is daar die twee fokusareas geïdentifiseer (holistiese kleingroepe en behoefte georiënteerde evangelisasie) met elk 'n werkspan wat aanbevelings bring na die Beraad op DV 27 Februarie 2017.

B

Na aanleiding van punt 4 hierbo se: "Afleidings oor dienswerk" die volgende:

1. Dis baie belangrik vir effektiewe evangelisasie dat die versorging na binne effektief is.
    a. Prioriteit is dat die 70-Plussers mense moet kry wat hulle kan bedien.
        i. Reeds een persoon gekry, maar kort nog minstens 5 persone wat die besoekwerk kan doen
    b. Ouderlinge moet die besoekgroepe effektief bedien.
        i. Ons kort nog meer ouderlinge wat besoekwerk kan doen.
        ii. Ouderlinge moet met die gawes wat hulle het, bedien. Daar moet dus ouderlinge wees wat verskillende tipes dienswerk verrig wat betref toesigwerk en leiding gee. So kan daar ouderling(e) wees wat fokus op finansies en bestuur. Ook ouderling(e) wat fokus – ooreenkomstig hul gawes – op bedienings wat as noodsaaklik geïdentifiseer word wat te doen het met die Woord en gebede.
        iii. Die ouderlinge moet hierrondom herstruktureer.
        iv. Die diakens moet sorg dra dat die siekes en verswaktes bedien word op gereelde basis. Hiervoor moet hulle mense identifiseer en toerus.
    c. Die kleingroepbediening moet versterk en uitbrei (Vgl A hierbo).
2. Die naskoolse jonger lidmate moet saamgesnoer word en betrokke raak by al die aktiwiteite van die gemeente volgens hulle gawes, passie en beskikbaarheid.
3. Behoorlike bemarking moet gedoen word binne en buite die gemeente. Lidmate moet weet wat aangaan in al die groepe en bedienings op 'n konstante basis.
4. Kennis is mag. Wanneer lidmate weet wat die behoefte(s) is en toegerus word om die uitdagings te bowe te kom, kan hulle dienswerk doen waar daar behoefte is.
    a. Daarom moet leiers gekies word om dele van die dienswerk oor te neem – al is dit net vir 'n vooraf bepaalde tyd.